

# Ontmoeting 20

# DIE SAAIER

Luk 8: 5 – 15

Hulpmiddels:

- \* 1 Vel ongedrukte koerantpapier
- \* 1 Pypskoonmakerpoppie met 1 saadsakkie oor die skouer



## WELKOM

Teken 4 blokke op 1 vel ongedrukte koerantpapier. Skryf in die blokke: voetpad, klip grond, goeie grond en dorings. (*1 Mens kan ook die vier blokke op 1 area merk waar daar onkruid, gruis (klip grond), sagte grond en teer (voetpad) is.*) Elke kind kry kans om 3m weg te staan van die papier of blokke af en 1 klippie in 1 blok te gooi. Die kinders kyk dan op watter deel hulle klippies val.

Sing:

- ♦ “Saai die saad” (Lofliedjies 2, snit 37)
- ♦ “Kyk hoedat die voëltjies vlieg”
- ♦ “Die wyse man bou sy huis op die rots”



## WYDING

**Temalied:** “Ek wandel in die lig van God”

**Stilte-ritueel:** Doen dieselfde as met die vorige ontmoetings.

**Daarna:**

*(Elke kind sit rustig en maak sy ogies toe.)*

“Verbeel jou jy trek jou skoene uit ... Jy loop op klippe ... Jy voel hoe party klippe jou voete seermaak en ander gladder voel ... Nou voel jy ewe skielik tussen die klippe 1 klomp skerp dorings ... Hulle steek seer en jou voete begin brand ... Gelukkig voel jy nou goeie grond onder jou voete ... En nou is daar sagte gras om op te loop ... Dit voel lekker sag en koel onder jou



voete ... Verbeel jou jy loop verder op hierdie sagte gras totdat jy onder 1 boom gaan lê en rustig asemhaal.”

Sing: “Soos 1 wildsbok”

Doen die handjiegebed (soos by ontmoeting 19).



## WOORD

**Vorbereiding:** Verdeel 1 groot papier of karton in vier dele.

Bedek die verskillende dele met: dorings, sand, klippies en iets wat “sagte grond” kan voorstel. Gebruik 1 pypskoonmakerpoppie met 1 saadsakkie oor die skouer om die storie uit te speel soos jy vertel.

Jesus het hierdie storie vir sy dissipels vertel:

“Eendag het 1 boer saad in sy land gaan saai. 1 Deel van die saad het op die pad beland. Die

voëls het vinnig gekom en dit opgepik. 'n Ander deel van die saad het tussen die klippe geval. Daar was 'n klein bietjie grond tussen die klippe en die saadjies het toe gou begin groei. Maar die saad se wortels was nie diep nie. Daarom het die son die plantjies doodgebrand. Van die ander saad het tussen die dorings en die bossies beland. Dit het die plantjies doodgegroei. Die laaste deel van die saad het in goeie grond geval. Dit het begin groei en groot plante geword. Hierdie plante het baie meer graan gedra as wat almal verwag het.”

Jesus het die storie so vir sy volgelinge verduidelik:

“Die eerste saad het op die pad geval. Dis is mense wat hoor wat God sê, maar wat nie daarna luister nie. Die duiwel maak dat hulle gou weer vergeet wat hulle gehoor het.

Ander saad het tussen die klippe geval. Dit is daardie mense wat hoor wat God sê en Hom glo. Maar wanneer dit nie meer maklik is om 'n Christen te wees nie, hou hulle op om te glo.

Die derde klomp saad het tussen die bossies en dorings beland. Dis die mense wat in Jesus begin glo, maar baie gou raak hulle te lief vir dinge soos geld en klere. Later het hulle niks meer tyd vir Jesus oor nie.

Die laaste saad het op goeie grond geval. Dis is mense wat die Here se woord hoor en elke dag

doen wat Hy sê. Hulle lewe is soos 'n goeie boom wat goeie vrugte dra. Die Here is tevrede met hulle.”

*(Indien jou omgewing dit toelaat, vertel die storie terwyl jy by die verskillende soorte grond verbyloop.)*

### Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:


- ◇ Ek wonder wat die saaiër se naam is.
- ◇ Ek wonder hoe dit sou voel om daar te wees.
- ◇ Ek wonder wat sê die verhaal vir jou.
- ◇ Ek wonder waar hierdie plek is.



### WERSKAF

- ⇒ Maak saadpoppies: Vat 'n leë jogurtbakkie en maak dit vol sand. Strooi saadjies bo-oor. Span 'n stukkie sykous bo-oor die bokant en plak 'n gesiggie op. Gee gereeld water en kyk hoe sy “haartjies” groei.
- ⇒ Sit kartonvelle neer met sand, saadjies en gom (kouelym). Die kinders kan dan self “teken” met die gom en saadjies en sand daarop strooi om die prent tekstuur te gee.
- ⇒ Kinders kan hul eie pypskoonmaker-saaiers maak soos die wat gebruik is om die storie te vertel.

### Sluit af met die seënbede.



Wenk: Sny net 'n klein gaatjie bo in die “rokkie”, vou die arms en bene plat en druk hulle van bo af deur die nekopening.

(As die opening groot genoeg moet wees vir die kop, sal die rokkie die heeltyd afval.)